Kultuur-doelwitte 2014

- Die hoofdoel wat Laerskool Bosveld Primary wil bereik is om elke leerder tot sy/haar volle potensiaal te ontwikkel.
- Hoë morele waardes word nagestreef.
- Leerders word ontwikkel as leiers op Kulturele-gebied.
- Positiewe houding moedig goeie verhoudinge aan tussen die kultuur-afrigters, leerders en ouers.
- Massadeelname word nagestreef, asook 'n liefde vir verskeie kultuur-aktiwiteite.

			Ja	Nee
1.	**Redenaars**	• Leerders vanaf Gr R-7 kry geleentheid om aan die uitdunne deel te neem. • Beoog om ten minste 3 deelnemers per graad te hê wat deelneem aan die Interne Redenaarsaand op 25 Februarie. • Strewe daarna om ten minste 5 ATKV deelnemers te hê, vir die eerste rondte en 3 vir die tweede rondte.		
2.	**English Evening**	• Leerders kry die geleentheid om hul standpunt te stel in hul 2de taal. • Vanjaar wil ons weereens gr 1 tot 3 ook die geleentheid gee om ten minste 3 sprekers per graadgroep te laat deelneem aan die jaarlikse English Evening.		
3.	**Afrikaans Addisionele Taalmiddag**	• Engels-Medium leerders kry in klasverband 'n geleentheid om items voor te berei. • In die verlede was daar slegs 1 item vanaf Gr 1-3. Gr R - leerders gaan vanjaar poog om 'n item te lewer. Gr 4-7 lewer 2 items per graadgroep.		
4.	**Olimpiades**	• Leerlinge kry jaarliks geleentheid om deel te neem aan die Nasionale Wêreldkennisolimpiade wat plaasvind in Mei. Interne Olimpiades word ook opgestel om die leerders se Wiskunde; Bybelkennis en spelling potensiaal te ontwikkel. • Gedurende 2013 het 47 (10 meer as 2012!) Gr 6 en 7 leerders deelgeneem aan die Wêreldkennis Olimpiade. Laerskool Bosveld Primary het 1 silwer medalje verower. Vanjaar wil ons die leerders motiveer om in 'n rekordgetal in te skryf aangesien die skool dan 'n spesiale sertifikaat verwerf. Ons mikpunt is 2 medaljes. • Die Gr 1-7 leerders gaan vanjaar 'n Afrikaanse spelling olimpiade aflê in die Rekenaarsentrum, met die hulp van Me Krügel.		
5.	**Revue**	• **Junior Revue:** Vanjaar word 'n Junior-revue op die been gebring wat uit ±20 Gr 1-4 leerders bestaan. 'n Liefde vir musiek, sang en dans word aangeleer, asook selfvertroue om voor mense van die gemeenskap op te tree. Daar word beoog om by die Kunstefees van Laerskool Ellisras op te tree.		

		• **Senior-revue** Hierdie groep is vir Gr 5-7 en ons hoop om 40 leerders te betrek wat saam met die Jnr-revue by geleenthede optree, asook die Kunstefees.		
6.	**Bossie-Kidz**	• Leerders word goeie normes en waardes aangeleer en leer om in groepe saam te werk. • Die doel is om die gemeenskap tot hulp te wees en die omgewing te bewaar. Kreatiwiteit word ook aangewakker. • Die hoofdoel is om weer 90+ lede konstruktief besig te hou. Ouers is genader om te help, en het reeds ingestem.		
7.	**Bossie - Skoolkoerant**	• Die hoofdoel van die skoolkoerant is bemarking. Die 2 uitgawes wat jaarliks gepubliseer word, word deur adverteerders gedra en is tot beskikking vir die hele gemeenskap en omgewing. • Die Bossie maak elke leerder opnuut trots om deel te wees van Laerskool Bosveld Primary. • Vernuwing is weereens die hoofdoel vir 2014.		
8.	**Debat**	• ‘n Nuwe aktiwiteit vir 2014. Ons beplan om 2 volledige spanne te hê, 3 leerders elk van Gr 6 en 7. Leerders moet aangemoedig word om oor ‘n onderwerp te debatteer. • Gestruktureerde, goed georganiseerde Afrikaanse kompetisie moet plaasvind. • Kritiese denke moet bevorder word.		
9.	**Toneel**	• Vanjaar word ‘n kinder- toneel, sowel as onnie- toneel beplan. • Soveel as moontlik personeel asook leerders moet betrek word. • ‘n Liefde vir toneel moet onder die leerders aangewakker word. • 2 Aande van deelname word beplan watdeur die gemeenskap bygewoon kan word.		